

ST. RAYMOND VAN TOULOUSE

8 JULIE

(sterf 1118)

Gebore as Raymond Gayrad in die Franse stad Toulouse, was hy 'n getroude man wat bekend was vir sy vrygewigheid en goeie verhouding met die plaaslike Joodse gemeenskap, iets wat destyds ongewoon was. Ná die dood van sy vrou word hy 'n kanunnik by die beroemde katedraal van St. Sernin en deur sy toedoen word die katedraal uitgebou en herstel en ontwikkel tot 'n belangrike pelgrimsoord op die pad na Santiago de Compostela. Ná sy afsterwe is baie wondertekens by sy graf aangeteken.

